## Hoofstuk 1

# Abby

"Dis net weird dat juffrou Makou ons drie by mekaar gesit het. Ons het soos in niks in gemeen nie. Niks." Abby se brein dreig om van pure frustrasie 'n aar aan flarde te skiet. Sy, Jasper en Henri woon dalk in dieselfde sekuriteitskompleks, maar hulle drie se persoonlikhede en sosiale status is sterrestelsels verwyderd van mekaar. "Ons verskil soos Venus, Aarde en Mars."

En sy is nie noodwendig Venus nie. Eerder Aarde, want sy is meer realisties, prakties. Al pas sy kamma moeiteloos in by die skool se cool girls, is sy nie regtig die girlie-tipe wat heeldag met make-up eksperimenteer en fraai rokkies aantrek nie. Meer die jeans-en-tekkies-soort wat als kan doen wat 'n man kan. Of altans, sy probeer ten minste hard om haarself te herskep vandat haar pa die pad gevat het.

"Hmm. Ek deps Venus." Henri se oë en vingers bly op sy foon doenig, sy wit kuif fladderend in die windjie.

"Chill net, Abbegail. Dis oor ons al drie naby mekaar in

Magaliesberg Eco Village bly. Dis net ’n groeptaak en ons is binne ’n uur klaar,” sê Jasper op sy ek-stel-nie-belang-nie-manier. “As hierdie ’n rekenaar-game was, was ons nou ’n PUG.”

“Abby. Ek is net Abby.” Die stories dat hy dagga rook, is seker waar. Kalm soos ’n daggawalm. Behalwe as hy rekenaarspeletjies speel, of so hoor sy. Dan is hy tipies Mars. Vol vulkaniese uitbarstings en energie. So vertel Tammie, die cheerleader, wat besotterd is op hom. “Wat is ’n PUG? As dit te doen het met games, sal ek en Henri obviously nie weet waarvan jy praat nie.”

“’n Pickup group. Dis ’n groep spelers wat op ’n ad hoc basis gevorm is om ’n doel te bereik.” Jasper haal sy skouers op asof almal dit tog behoort te weet.

Henri stuur steeds vir die aardlinge seine vanaf sy pers selfoon op planeet Venus, en is beslis nie geïnteresseerd in games-praatjies nie.

“As jy dan nie in games belangstel nie, wat doen jy met jou tyd?” vra Jasper vir Abby. “Jy’s mos een van die cool girls? Too high and mighty om met ons ander te mingle.” Hy skop-skop ’n klippie uit sy pad asof hy teen homself sokker speel en lyk beslis nie geïnteresseerd in haar doen en late nie.

Dis goed dat hy haar so sien. Almal dink as jy Magaliesberg Hoërskool se atletiekster is, is jy cool. Sy probeer haarself ook daarvan oortuig. “Ek oefen atletiek. En leer sodat ek ’n beurs kry om te gaan swot.” Hulle bereik haar huis se

oprit. Hier is geen heinings voor die huise nie, want almal voel heel veilig in die sekuriteitskompleks. Asof daar iewers in Suid-Afrika 'n veilige plek is.

"Oukei, kom in. Ons het nie verniet die laaste twee LO-klasse gebunk vir ons taak nie. Ons moet begin." Sy wil nie vriende raak met die twee nie. Hulle is albei sosiale misfits: onvoorspelbaar en besliste moeilikheid. Niemand moet hulle saam sien nie.

"En," sê die skraal Henri met teatrale handbewegings wat lyk soos 'n lugwaardin se handseine aan passasiers voor 'n vlug. "Julle sit met die kreatiefste graadelf-kunswonder wat ons skool al ooit gehad het. The greatest artist that ever was and ever will be. Die flambojante ekke." Sy sjokoladebruin oë skitter en hy skiet sy vingers deur sy wit kuif.

Venus. Die oggend- en die aandster. Dramaties en sprankelend. Hoe 'n man sulke wimpers kan hê, smal heupe en boonop vol lippe, is 'n vraag wat nie eens Google kan antwoord nie. En daardie karamelbruin vel is beautiful.

"Izzit? Jy? Henri van Leempitte. Bewys dit vir my. Ek glo jou as ons binne 'n uur hier uit is." Jasper beduie met sy lang vinger na die eenverdiepinghuis waarvan die motorhuisdeur voor hulle opskuif. "Hoekom juis jou huis, Abby?"

Sy grysblou oë is 'n vraagteken. Hy vryf oor die stoppelhaartjies op sy bolip en ken wat hom dikwels in die moeilikheid het by prefekte. Eintlik lyk dit cool.

"Want ons garage is skoon en daar's genoeg spasie en tafels om ons stalletjie se naambord op te maak. My pa is

weg met al sy tools en gemors." Sy gooi haar skooltas langs een van die lang tafels neer. Voel effens simpel omdat sy oor haar pa uitpraat. Hulle hoef dit nie te weet nie.

"En ek help my ma hier honde was en sny wanneer mense hulle naweke bring vir grooming. Dis sy. Pet's Pamper." Sy beduie na 'n naambord bo teen die muur.

"Cool beans." Jasper gooi sy tas neer en skop dit soos 'n sokkerbal onder die tafel in. "Watse werk doen jou pa?"

"As hy nie skelm 'n jong vroutjie entertain nie, is hy 'n versekeringsagent." Stop dit. Sy wil nie oor hom praat nie.

Henri maak sy tas versigtig op 'n stoel staan en draai na hulle. "Klink vir my na 'n tipiese tameletjie. Het een van julle al gedink aan die Afrikaans-opstel. Totius wil mos hê ons moet duisend woorde skryf oor iets in ons lewe wat vir ons 'n taai toffie is."

Abby snork hardop. "'n Uiters klewerige onderwerp."

"I get it! Dis wat 'n tameletjie beteken?" grinnik Jasper.

"Asof enige graadelfleerder oor die binnegemors van sy lewe wil praat." Abby is beslis nie lus om 'n hele opstel te skryf oor haar probleme nie. Haar hande voel sommer taai.

Sy gryp die Wet Wipes van die tafel af en vee haar vingers skoon. Vandat die pandemie almal op 'n knop gejaag het met kieme en besmetting, is sy oorversigtig. Dis asof die hele wêreld nou vir haar besmet is. Grillerig.

Darem dra hulle nie meer maskers noudat die meeste mense ingeënt is en die virus effe bedaar het nie. Dit was aaklig. En warm. Boonop het baie tieners met 'n ry puisies

oor die wange rondgeloop waar die maskers hul vel geïrriteer het.

"Gee my ook. Ek voel nou self vuil." Henri haal 'n klam velletjie uit en vee sy hande af. "Soos as iemand oor kopluise praat, dan jeuk my kopvel sommer."

Abby bêre weer die houertjie met Wet Wipes op die tafel langs die staalkas. Haar oog vang een van die tientalle magnete wat haar ma daarop versamel.

*It's life. You don't figure it out. You just climb up on the beast and ride.* Rebecca Wells.

Ja, sure. Is dit net sy of voel alle tieners of hulle besig is om van die beast af te val?

"Oukei, is julle nou die higiënepolisie?" Jasper drapeer sy lyf oor 'n plastiekstoel en bekyk hulle ritueel onvergenoegd. "En net een taak op 'n slag, asseblief. Totius kan wag."

"So. Het een van julle twee enige moerse aardskuddende idees vir ons Halloween-stalletjie?" vra Henri en gooi die lappie in die vullisblik.

Die roomysbussie se deuntjie *piengeliengelieng* iewers in een van die aangrensende strate en Abby se mond water oombliklik. Yskoue vanilla draairoomys met rooi aarbeistroop sal nou goed afgaan. Dis vrek warm in die Eco Village net agter Hartbeespoort se Magaliesberge. Dit lê mos aan die warm kant van die berg. Boonop is dit Oktober en sweetstraaltjies gly al klaar van haar nek teen haar rug af. Sy het nog al haar snoepiegeld van die week en sy oorweeg

om vir hulle roomys te koop wanneer die bussie verbykom. Hulle dorp is seker een van die min in Suid-Afrika wat nog 'n roomysbussie het. Gelukkig staan hy elke dag klokslag by die hoërskool se hekke wanneer die laaste klok lui. Darem iets goeds in die warm plek.

"Oukei, die tema is Halloween, want volgende Saterdag se Lentefees by die skool val presies op 31 Oktober en al die stalletjies word daarvolgens beoordeel." Abby glo in volledige inligting en wie weet of die twee ooit weet waaroor die opdrag gaan?

"En nie te veel bloed en derms nie, aldus juffrou Makou." Jasper sit regopper op die stoel. "Ek dog die kerk, en alle onderwysers en grootmense, meen Halloween stuur jou reguit hel toe as jy iets daarmee te doen het?"

Asof sy met 'n graadeen praat, sê sy stadig: "Halloween is eintlik 'n fees wat van die Middeleeuse Christene af kom om All Hallows Eve te vier, die aand voor All Saints Day. Hulle besoek grafte van die oorledenes om hulle lewens te vier."

"En al die hekse en kopbene dan?" vra Jasper.

Henri is verbasend genoeg ook ingelig. "Dis oor dit 'n fees is wat die einde van die Keltiese somer vier. Die stryd tussen winter en somer. Dood en lewe. Daarom die voorstelling van geraamtes en goed. Oukei?" Henri gooi sy hande in die lug. "'n Geraamte is immers 'n mooi kunswerk van God. Niks om te vrees nie. Dit laat 'n ou mos dink: to be or not to be . . . the ultimate question."

"Julle is te diep vir my. Ek sluit sommer aan by daai kerk,

Church of the Flying Spaghetti Monster. Soveel minder reëls as ander kerke wat in ons kele afgedwing word," sê Jasper.

Abby rol haar oë dak toe, maar Henri vra nuuskierig: "Regtig? Is daar so 'n kerk?"

"Ja, op Google gesien. Hulle volgelinge is die Pastafarians." Jasper deel oënskynlik graag sy kennis oor onbenullighede. "En hulle is nie anti-godsdiens nie, maar net anti-mal-goed-doen-in-die-naam-van-godsdiens. Hulle eet graag pasta in alle vorms en hulle hemel is vol biervulkane."

"Ek kan daarin begin glo." Henri lek sy lippe af.

"Dankie vir die inligting, Jasper." Abby kan nie die sarkasme uit haar stem hou nie. "So terug na die regte lewe. Wat gaan ons in ons stalletjie verkoop wat juffrou Makou en die beoordelaars gaan wow?"

Al drie is stil. Dink diep.

"Watse van is Makou?" wonder Henri.

Duidelik ly hy en Jasper aan iets soos aandagafleibaarheidsindroom. Dit laat Abby innerlik grinnik. Watter tiener doen nie? Wat verwag hulle met selfone, televisie, skoolwerk en alles wat jou brein besoedel en oorweldig. Hoe moet 'n mens gefokus wees?

"Watse van is Van Leempitte, Henri?" vra Jasper en mik na Henri se kuif om dit deurmekaar te krap.

Henri klap sy hand weg en koes. "You touch my hair, I will slap you so hard not even Google will find you, gameboy."

Jasper gaap hom verbaas aan. "Izzit?"

"En watse van is Barkhuizen?" vra Henri vir Jasper.

"En my van is Mynhardt. Noudat ons mekaar se vanne ken, kan julle fokus, asseblief?" Abby is oortuig sy's die enigste een wat hierdie shitshow op die pad gaan hou. Net 'n uur of twee, dan's hulle klaar. Vasbyt. Haar hand voel steeds klewerig. "Wat van toffieappels? Dis maklik om te maak. Dan sit ons sulke beady ogies in en gee vir elke appel 'n paar plastiek Dracula-tande."

"Ek haat toffieappels. Maak nie saak hoe jy dit eet nie. Jy eindig met taai hande, ore, mond, nek en wange." Henri gril openlik. "Spookasem is ook maklik, maar dis so kinderagtig." Hy maak sy oë toe, lig sy ken en haal diep asem asof hy so iewers inspirasie gaan kry. Seker van planeet Venus af.

"Wat van pellet gun skiet? Dan maak ons 'n poster van die hoof, ou Jakkals, en ons almal kry 'n kans om hom te try raakskiet. Die wenner wat 'n bullseye in sy oog skiet, kry 'n cool prys? Nee, wag, daar kan 'n prys wees vir elke orgaan wat jy raakskiet?"

"Makou haat geweld. Sy sal ons op die plek diskwalifiseer en nul gee." Abby kan nie glo Jasper oorweeg so iets nie. Eintlik is alles seker maar 'n game vir hom.

"Of ons bou 'n soort bokskryt en almal kan teen mekaar boks of skopboks. Met bokshandskoene. Meeste tieners het anger issues en is altyd lus om mekaar te neuk." Jasper klink opgewonde oor sy bloeddorstige idees.

Tipies van iemand wat digitale mense uitmekaarskiet as

tydverdryf. Hoe meer bloed en spoeg spat, hoe beter. Abby moet erken dis eintlik nie 'n slegte idee nie, sy sal haar pa in die bokskryt wil uitsorteer. Blerrie rondloper. Gesinsverlater. Bliksem.

"Of ons kan troeteldiere groom? Dan bring almal hulle diere en ons maak hulle mooi. Sproei hulle hare bont, of iets? My ma kan kom help," sê sy.

"Julle voorstelle is te morsig vir my. Wat van ons ontwerp fotoborde van horror movies, en waar die akteurs se gesigte is, maak ons 'n opening waardeur 'n mens jou kop kan steek en dan's jy deel van die scene?" Henri beduie met sy hande asof almal nou die toneel voor hulle geestesoog kan sien.

"Dan neem ons foto's, print en verkoop hulle later?" sê Jasper fronsend. "Te veel admin ná die tyd. Dit moet net 'n hit and run wees. Vinnig en verby."

"Of laat hulle self die foto op hulle selfone neem? Teen 'n fooi?" wonder Abby. Nie 'n slegte plan nie.

"Kan werk. Dan ontwerp en teken jý die fotoborde, Leempitte?" sê Jasper meer entoesiasties en Abby kan in sy oë sien hy soek 'n skuiwergat om vinnig weg te kom.

"Nee, want dan doen ek al die werk?" sê Henri. "Julle gaan help soek na idees. Daar kan meer as een fotobord wees. Ons kan elkeen een ontwerp." Hy karring op sy foon rond, seker om idees te soek. "En ons banier moet awesome wees."

"Drie fotoborde en 'n banier?" Jasper klink nie gelukkig

nie. "Onthou, ons wil net LO deurkom, nie die Nobelprys wen nie. En daarvoor hoef ons seker net veertig persent te kry."

"Ons wíl dalk die prys wen." Vir Abby is verloor nooit 'n opsie nie. Haar lyf is bedraad om te wen.

"Dalk kan ons by daardie oudspietkop, oom Willie, hoor. Hy't mos jare gelede 'n videowinkel op Harties gehad. Dalk het hy nog van daardie groot, movie pop up posters?" Henri is beslis 'n man met goeie planne. In sy oë sien 'n mens sy brein se ratte werk – van eerste na sesde in drie sekondes.

Die vrolike roomysbussie speel sy liedjie hier reg voor haar huis en Abby hardloop haastig soontoe. Die ander twee volg entoesiasties. Die roomysman sien hulle nie, want hy fokus op een van die bure wat skuins oorkant Abby se huis uitgestap kom. Meneer Adrianus Vos. Hy stop by hom.

"Uitgevang. Wat maak ons skoolhoof so vroeg by die huis? Seker skelm kom Netflix kyk. Ek het gewonder hoekom sy lyfie soos 'n couch potato s'n lyk," sê Jasper terwyl hulle nader stap.

"As ou Jakkals ons sien gaan hy weet ons bunk klas," hyg Henri.

"Nee, man. Ons sê net vir meneer Vos ons het afgekry om aan ons projek te werk. En praat sagter. Hy sal uitfreak as hy hoor ons noem hom Jakkals." Abby haal haar beursie uit haar skoolrok se sak en tel die geld. "Kom, ek het genoeg geld vir ons al drie."

"Hoekom sal hy uifreak? 'n Jakkals is mos 'n vos?" vra Henri.

"Maar 'n skelm een." Dis Jasper se mening.

"Sjjt," sê Abby.

Die drie van hulle mik oor die straat in die rigting van die pienk bussie waarop smullekker bont roomyse geverf is en die naam *Ice Ice, Baby*.

"Kan ons nie sommer net ou Izzie se Ice-bus leen en volgende Saterdag roomys verkoop nie?" wonder Jasper. "Halloween-roomys. Dan sit ons daai plastiek Dracula-tande bo-op en rooi aarbeistroop vir bloed wat daaroor drup? Yummy!"

Die einste Izzie met sy kaalkop klim oorhaastig by die bestuurskant uit. Die rooi litteken oor sy kop waaroor almal altyd wonder lyk ekstra rooi vandag teen die wit jas wat hy aanhet. Hy fokus op meneer Vos en sien hulle nie aankom nie. Voor die bussie se neus stop hy en praat en beduie met wilde handbewegings. Duidelik met die skoolhoof wat nou buite sig agter die voertuig staan. Harde stemme klink op. Die roomysman hou skielik sy hande in die lug en gee 'n paar treë agtertoe die straat in.

"Nee, wag nou, Adrianus. Laat ons eers hieroor praat."

Iets is nie reg nie. Abby stop en briek die twee weerskante van haar met haar plat hande teen hulle skouers. Hulle vries ook.

*Dwah! Dwah! Dwah!*

Pistoolskote ruk deur die lug. Of deur haar liggaam. So

voel dit. Onaardige, harde klapgeluide. Een. Twee. Drie. Die roomysman val agteroor en sy kop klap hard teen die teerpad. Dis skaars vyftien meter van hulle af. Bloedrooi vlekke vorm oor sy wit roomysbaadjie. Aarbeistroop op vanilla roomys.

Die skoolhoof stap uit van agter die bussie en mik sy pistool na die gewonde man op die grond se pyndeurdrenkte gesig.

"Adrianus, wag!" hoes-roggel die man.

"Waddehel?" hyg Jasper. Dis meer 'n intrek van asem.

Jakkals kyk op, reguit na hulle drie. Geskok. Lig dan sy wapen op hulle.

Abby se hart gaan staan. Morsdood. Alle gevoel in haar lyf smelt soos roomys op 'n warm dag. Regdeur haar voete die teerpad in.

"Waddemoer! Hardloop!" gil Henri en storm terug na Abby se huis.

Sonder om te dink, volg Abby. Nou timmer haar hart volspoed. Sy's nie verniet 'n langafstandatleet nie en sy haal uit en wys. Jasper is kort op haar hakke.

Twee of drie skote slaan teen die pad agter hulle vas. Sy skiet verby die seuns, bly hardloop, verby hulle huis, agterom die swembad. 'n Drom vir tuinvullis staan teen die muur. Sy spring soos 'n hekkiesatleet met bomenslike spoed oor die muur, gevolg deur Jasper en dan Henri wat minder stylvol oorduik.

Hulle bly vir 'n rukkie sit, hyg na asem. Kyk met groot

oë na mekaar. Dis die dokterspaar, die Barnards, se erf. Niemand is tuis die tyd van die dag nie. Abby se bewende hande tas rond na haar selfoon. Dêmmit, dis in haar tas in die motorhuis.

Jakkals se stem weergalm vanuit Abby-hulle se agtertuin. "Wag nou, kinders, ek het net geskrik toe ek julle sien. Julle is veilig. Kom maar uit."

Abby skud haar kop vir die ander twee wie se oë onseker rondkyk.

Sy ken 'n skelm as sy een sien. Hulle is beslis nie veilig nie. Baie ure se CSI.

Sy probeer soos hulle deur die piepklein gleufies in die betonmuur loer na wat die man in die tuin beplan.

Hy's vir seker nie in 'n vriendelike bui nie, want hy staan slaggereed met sy wapen, wagtend vir hulle om uit te kom. Die betonheining se los panele ratel teen mekaar toe hulle daarteen druk. 'n Skoot klap oombliklik daarteen vas.

"Hol!" Dis weer Henri wat die voorbok is. Hy vlieg op, hardloop na die Barnards se voortuin, en in die straat af. Abby en Jasper volg paniekerig. Sy het nie 'n beter plan nie, blykbaar Jasper ook nie.

Het hulle so pas 'n koelbloedige moord aanskou?

En nou wil Jakkals van hulle ontslae raak? Dis mal.

Net toe hulle verby 'n erf met 'n leë huis hardloop, stop Abby hulle. "Wag. Hier's 'n boomhuis in die agtertuin. Ons kan daar wegkruip." Dis al sober gedagte wat deur haar adrenalienversuipte brein skarrel. Dis darem iets.

Soos blits is hulle teen die leertjie op. Die ou eikeboom se stam is dik en die beknopte boomhuisie sit lekker hoog.

"Lig die leer!" Jasper en Henri tel die leertjie by die huisie in en maak die lendelam deurtjie toe. Die leer moet half by die een venster uitstaan, maar ten minste kan niemand nou daarmee opklim nie. En dit lyk dalk vir speurende oë of die boomhuis, soos die huis, verlate is.

Hulle val met hygende asems plat op die vloer en loer onderdeur die deurtjie. Nie een sê 'n woord nie. Dit wat hulle gesien het, is bisar en totaal afgryslik. Dit stoei verbete met die realiteit en roetine wat in Abby se brein regeer. Die ander twee se bleek gesigte vertel dieselfde storie.

"Het Jakkals nou net daardie ou koelbloedig geskiet?" stotter Henri fluisterend.

"Sssjt." Abby klem haar hand oor sy mond.

Die einste Jakkals sluip deur die agterplaas van die leë huis, sy pistool gereed in sy hand. Hy kyk agterdogtig rond, fynkam die stoeparea, kyk deur die vensters van die huis, en vir 'n lang ruk na die boomhuis.

Sy hoor die benoude angs in hulle al drie se onderdrukte asemhaling. Haar hart wil by haar keel uitspring. Trane brand teen haar ooglede.

Iemand het gepoep, want dit ruik skielik hondsleg hier om haar. Sy loer kriewelrig na die twee aan beide kante van haar, styf teenaan haar genestel, wat net stip voor hulle deur die gleufie na die man op die grasperk staar. Hy draai 'n paar keer in die rondte, sluip weer na die voorkant van die erf.

Voor in die pad keer hy 'n bakkie voor. Hulle kan die voertuig net-net deur die bome sien.

Abby se ore spits. Moet hulle nie nou soontoe hardloop en die persoon alles vertel nie? Dis al mens tans in die kompleks. Daar's nie eens 'n sekuriteitswag by die hek nie, want alles is elektronies. Sy maak reg om op te staan.

"Wag," fluister Jasper en keer dat sy regop kom.

"Het ek skote gehoor?" vra die ou in die bakkie doodbenoud.

"Johannes, dankie vader jy's hier," hoor hulle Jakkals se stem deur die oggendstilte galm. "Drie skoolkinders het so pas ou Izzie, die roomysman, geskiet. Reg voor my oë. Drie skote. Nou is hulle skoonveld."

"Wat?" Skok slaan soos 'n onsigbare vuis die wind uit haar maag.

"Kon jy sien wie hulle is?" vra Johannes wat nou uit sy bakkie klim.

Abby ken hom van die buurtwag, want hy het al by haar ma kom aanklop om kwansuis sy dienste aan te bied wanneer sy of Abby of haar kleiner sussie, Mienkie, dalk bang is saans. So 'n grillerige mannetjie wat na knoffel ruik, met die yl bruin hare gejel op sy blink kop.

"Ja, hulle is in my skool en bly in die kompleks. Die ingenieurs se seun, so 'n stoute donkerkop wetter en daai bedonnerde rooikop dogter. En die weird gay mannetjie met die regop blonde hare."

"Die bliksems," sê Jasper deur styfgeklemde kake.

Abby grom innerlik. Ja, sy ís die laaste tyd goed bedonnerd, want haar pa het hulle afgeskryf.

"Homofoob," brom Henri effens te hard. "Verstaan niks van die LGBTQIA-gemeenskap nie."

"Saggies." Abby se hand is weer oor sy mond.

"Ja, ek ken hulle van ons buurtwaglyste. Jasper, Abby en Henri." Johannes klink opgewonde-uitasem, lus om 'n jagtog na drie kriminele te loods.

## Hoofstuk 2

# Jasper

Bliksis. Jasper se brein hardloop nou in verskillende rigtings om ’n oplossing te kry. As Jakkals sê hulle is skuldig, is hulle gedoem. Hy is immers al twintig jaar lank skoolhoof by Magaliesberg Hoërskool. En dien op die omgewing se groter buurtwag, die polisieforum, die pannekoekspan van die Hervormde Kerk, en wat alles.

“Wat nou?” hyg Henri. “Gaan ons tronk toe?”

“Saggies.” Jasper probeer kalm bly. Dink. Dink. “Het een van julle ’n selfoon by julle?”

“In my tas,” kreun Abby.

“Ek’t myne laat val daar in die pad.” Henri hyg na asem. “Dis evidence, nè? Ek’s so gefok.”

Ons is. Gefok. Die besef gly soos ’n loodpil in Jasper se keel af. Hy hoop nie die ander twee sien hoe hard hy sluk nie. Dis die skoolhoof se woord teen hulle s’n.

“Myne is ook in my tas.” Jasper grom hardop. “Dêmmit.”

Henri wurg nou erg na asem, sy hande vou beskermend om sy keel asof hy wil keer dat hy versmoor.

"Wat nou?" vra Abby, haar oë angstig op hom.

"Angsaanval." Sy stem trek dun soos 'n opgeblaasde ballon as jy sy tuit so skeeftrek.

"My sussie kry ook soms sulke meltdowns. Ná my pa . . ." Abby sit nou regop, help hom op sy rug draai en sê saaklik: "Oukei. Werk saam. Hoeveel vingers hou ek uit?"

"V-vier," hyg hy.

"Nou?" Sy hou weer vingers op.

"Twee."

"Watse mannetjies is hier teen die planke geteken?" Sy wys na die prentjies teen die boomhuis se kante. "En hoeveel is daar?"

"S-spongeBob. Een. En d-daar is s-ses Minions." Hy noem nog 'n paar terwyl sy na die dowwe sketse wys.

"Haal net asem deur jou neus," sê Jasper. "Diep in en uit deur jou mond." Hy het darem al op televisie gesien wat hulle doen as 'n ou 'n angsaanval kry. Soms help dit om hom te klap. Sommer so oor die wange. Links en regs. Hy oorweeg dit.

"Wat ruik jy?" vra Abby sag, maar duidelik.

"Vrees. Of is dit my poep." Henri kry darem gegiggel. "Nee, ek ruik . . . Is dit Chanel No 5 wat jy aanhet?"

"Ja, my ma s'n geleen vanoggend." Haar wange verkleur effens. "Ek sit Vrydae langs Bartlo. In Wiskunde. Oukei? Twee periodes."

"Dié Bartlo Bekker?" Jasper kyk geskok na haar.

Henri sit sommer regop. "Wat? Hy is soos 'n grotmens? Ek bedoel. Hy speel rugby. En dink hy is die shit. En hy ruik altyd na sweet en balle." 'n Rilling ruk deur sy lyf en sy asemhaling raak weer fluitend.

"Lê plat en haal asem." Abby se gesig raak nog rooier. "Dis niks. Hy stel anyway nie belang nie."

"En hy's 'n kortgat." Jasper se brein roep 'n beeld op van die kort, stewige Bartlo en langeraat Abby saam op 'n date. Nee, dit pas nie. Interessant dat Abby in 'n rugby-hunk belangstel. Wel, albei hou van sport. Dis seker hoe dit werk? Die room van die skool.

Nie dat hyself juis in meisies belangstel nie. As een van hulle maar saam met hom games wou speel. Dan sou hy hulle soort dalk verstaan het. Maar nee, baie girls is te cool daarvoor.

Hy fokus weer op Henri wat vir 'n minuut lank diep inen uitasem.

Tussendeur sê Henri: "Abby. Nee, jy kan soveel beter doen. Daai ou stel net in meisies belang vir een ding. Om te kyk hoeveel drieë hy kan druk. Jy weet wat ek bedoel?"

"Is jy nou oukei?" Abby lyk skaam omdat sy uitgepraat het oor haar gevoelens.

Jasper bekyk haar op en af. Dalk wíl sy ook deel hê in 'n driedrukkery? Watter meisie in hulle skool sal nie? Veral een met Abby se sexy lang lyf en rooi hare. Sy kan mos kies en keur? Dis seker waar dat rugbybrekers vir meisies sexy is.

"Ek stem saam met Henri. Bartlo het sulke koolkopoortjies en hy loop met knock knees oor sy bobeenspiere so oorvoed is. Dalk nog as gevolg van steroids. Dis nie normaal nie. Die mens het laas in die Ystydperk so gelyk, toe hy nog halfbobbejaan was."

Abby gluur hom net kwaai aan en kyk weer na Henri. "Ek vra: Is jy oukei, Henri?"

"Oukei. Ek is oukei." Henri sit weer regop, nog 'n bietjie verbouereerd, sy blonde hare wild soos 'n kraaines. "Ek is Henri van Leempitte. Ek is spesiaal, sterk, dapper, onoorwinlik, trots reënboogkind. Living out loud is the only way I know how."

"Wat sê jy?" Abby voel aan sy voorkop. "Jy's nie koorsig nie. Yl jy?"

"Dis my mantra." Henri se oë skitter soos flonkerende sterretjies. "Ek voel nou beter. Wat doen ons nou?"

"Ons bly kalm. Haal asem." Jasper probeer weer sy gedagtes orden. Wat gaan hulle nou doen? Wat sou Jasper Jabberwocky nou doen? Sy gamer persona.

"As die skoolhoof gaan vertel ons het die man geskiet, gaan die polisie ons begin soek," sê Abby. "Ek kyk baie crimestories. Ek weet wat kom. Dit gaan lelik wees."

"En hulle sal hom eerder glo as vir ons." Jasper se nek word warm van woede en frustrasie.

"Hoekom sou hy die arme Izzie skiet?" wonder Henri fluisterend. "Wie haat 'n roomysman so erg? Ek weet mense vrees soms sirkusnarre, maar flippit. Hierdie is next level."